PSG noteer sy landboubelange

HENNIE DUVENHAGE

PSG Capital het aan uitgesoekte individue en organisasies die geleentheid gebied om deel te hê aan die groep se landboubelange deur 'n private plasing van aandele in Zeder, die groep se houermaatskappy vir landboubelange. Die openbare notering van Zeder sal na verwagting in Desember plaasvind.

Die aanbod om van die 125 miljoen gewone aandele teen R2 per aandeel as deel van die private plasing te bekom, het Vrydag gesluit. Die minimum belegging per aansoeker het R100 000 beloop.

Luidens 'n plasingsmemorandum het Zeder voor die uitreiking van die aandele reeds 'n markkapitalisasie van R349,7 miljoen gehad en indien die verdere plasing van aandele ten volle onderskryf word, sal die markkapitalisasie op R599,7 miljoen te staan kom.

Die groep sê Zeder is onlangs as 'n beleggingsmaatskappy op die been gebring en verteenwoordig PSG se visie om 'n meganisme te skep waarmee waarde in die landbousektor ontsluit kan word.

Die sektor is na bewering vol van bateryke maatskappye wat goed bestuur word en goeie winste lewer, maar deur die beleggersgemeenskap oor die hoof gesien is as gevolg van die gebrek aan toegangklikheid vir beleggers wat buite die landbousektor gestaan het.

Zeder hou tans 'n belang van 13% in KWV, 2,6% in Pioneer Foods, 5% in Kaap Agri, 2,2% in Senwes, 5,6% in KLK Landbou, 1,7% in OVK en 2,1% in Suidwes Investments.

Die belange in KWV verteenwoordig 43,3% van Zeder se beleggings en die belange in Pioneer Foods 38,7%. Die belegging in Kaap Agri verteenwoordig 13,4% van Zeder se portefeulje.

Die groep sê die doel is om die portefeulje uit te brei met die ideaal om ten minste 20% van elk van die onderliggende maatskappye se aandele te bekom.